# Tyd om Alleen te Reis



Meanderinge van 'n Ysbeer: Vol 1

Schalk W. Cronjé

# Tyd om Alleen te Reis

## Meanderinge van 'n Ysbeer Vol 1

Schalk Cronjé

Hierdie boek is te koop by http://leanpub.com/OmAlleenTeReis

Hierdie weergawe was vrygestel op 2017-01-08

Leanpub

This is a Leanpub book. Leanpub empowers authors and publishers with the Lean Publishing process. Lean Publishing is the act of publishing an in-progress ebook using lightweight tools and many iterations to get reader feedback, pivot until you have the right book and build traction once you do.

© 2015 - 2017 Schalk Cronjé

# Inhoudsopgawe

Kaapse Droom . . . 1
Die Koffiewinkel . . . 3
Middagslenter . . . 5
Winter in die Noorde . . . 6

# Kaapse Droom

Kaap van Storms, Kaap de Goeie Hoop, gee my hoop
Gooi vir my ’n klippie in die see
Wens vir my ’n wens
Dat ons weer kan ontmoet
Op historiese grond wanneer die son skyn
Ek jou kan omhels
En jou oë nog steeds so blou skitter

Kommetjie, Kommegas, wees my gas
Hier in my houthuis
Kom ons eet en gesels oor vergange dae
Waar Lizz Wright se blues ons verlei
Na ’n magiese plek waar ons nog nooit was
Kom ons ons lag en vergeet van buite
Twee van ons alleen

Hermanus, hemoglobien, haai vriendin
Kom ons sit op die strand en drink
Spookfontein se rooiwyn
Waar walvisse ons siel gewaar aan ’n groter betekenis
Kom ons ry af met die N2 na nêrens
Met die vensters oop en musiek kliphard
En stop by Peregrine om van daardie marmelade te koop

Franschoek, Franse hugenoot, verlos van snood
Vreemdelinge in vreemde land
Met ’n nuwe begin
En ’n onwisbare spoor
Kom ons staan vir ’n oomblik voor die monument
En onthou hulle wat nie meer hier is nie
Soos jy ook nie hier is nie

Ek gooi vir jou ’n klippie in die see
Want jy’s nie hier nie
Ek wens vir jou ’n wens
Want ek weet nie waar jy is nie
Ek hoop soos Crocodile Harris dat iemand my nuus sal bring
Maar vir nou reis ek weereens alleen

# Die Koffiewinkel

Klink klaar koffie kleur
Spiraal op cappuccino skuim
Klein tafeltjie waar lenteson
Skadus van die dorpsplein opruim

Bokmelkkaas, karamelui geroosterte
broodjie wat die room kamoefleer
Op daardie sojamelk-antocinno van die
Vrou wat beweer dat sy gesondheid bestudeer.

   Die koffiewinkel het kaffeïenvry
   Die koffiewinkel het almandelmelk
   Die koffiewinkel is Fair Trade meneer
   Kom jy weer ’n volgende keer?

Barista brou met bruin bone
Donker espresso, donkerswart
Kenya, Columbië of Peru bedeëlt
Kaffeïen klop klop jou hart.

Sshhh sshhh ssshhh sjoee sssss
Dis warm, dis stoom, dis aan’d borrel
Die melk vir die mokka
Vir die man met die das om sy gorrel

   Die koffiewinkel het koek
   Die koffiewinkel het ontbyt
   Die koffiewinkel speel jazz meneer
   Kom jy weer ’n volgende keer?

Costa, Caribou, Starbucks, Segafredo
Mug and Bean,  Ritazza,  Lavaza,
Vida e Caffé, _el camino al café_
Regmakers te koop op stasie en plaza

Hier kan ons kuier
Hier kan ons werk
Hier kan ons onttrek
Wanneer die wêreld ons senu's werk

Die koffiewinkel het frappé
Die koffiewinkel het internet
Die koffiewinkellojaliteitsprogram meneer
Kom jy weer 'n volgende keer?

Bulgaarse espresso Borovets
Koffie Verkeerd Amstelveen
Rooi cappucino Kaapstad
Drink'it warm onderdak uit'ie reën

Koffiekroeg, koffiekiosk, koffiewinkel
Oggendregskop, middagkuier, aandslenter
Stadsmens van die een na die ander, getrou
Die sosiale bindlint gevind in die koffieventer.

Die koffiewinkel is hier
Die koffiewinkel bedien my plesier
Die koffiewinkel se apparaat reeds gepoets en poleer
Want more kom hierdie stadsmeneer weer.

# Middagslenter

Loop oor die dorpsplein
Hierdie middag met sonskyn
Die windjie byt eina
Somer is hier, byna

Voel lus vir ’n plaaslike bier
Maar die hops en gis sal net die maag ontsier
Hier in ’n eeu-oue klipsteen boulevard
Laat maar die idee vaar

Straattroebadoer sing sy hart uit
Onder die kloktoring se tuit
Tussen vlooimarktentdakke
En haweloses se brakke

Loop in by die koffiewinkel
Waar die barista reeds die bestelling bekinkel
Daarmee saam ’n sny rooifluweelkoek
Vir die laaste hoofstukke van die boek

Dis middag, dis sonskyn
Wanneer bates van dubbel-D’s verskyn
Word daar gedink aan jou, jou en jou
In die land van hemelblou

Hier loop alleen en kyk
Hier is die siel ryk
Gevul met geseënde herinnering,
Ervaringe wat geld nie kan bring

# Winter in die Noorde

Die reën is verby,
Die son is uit
Stef Bos is op die speler
Dis nog steeds winter hier

Donker wolke, bloue lug
Donker wolke, bloue lug
Vreemdeling in ’n vreemde land
Dis nog steeds winter hier

Oor die see is dit somer
Die sand is warm
Die see is leuk
Dis nog steeds winter hier

Die son lê laag
Verblind my oor die huise se dakke
Binnekort sal dit donker wees
Winter.